| OFFICE OF THE PREMIER | KANTOOR VAN DIE PREMIER |
|---|---|
| No. 3 — 25 July 2008 | No. 3 — 25 Julie 2008 |
| It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act which is hereby published for general information:- | Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:- |
| **No. 3 of 2008 : Free State Political Party Fund Act, 2008** | **No. 3 van 2008 : Wet op die Vrystaat Politieke Partyfonds, 2008** |

# ACT

**To provide funding for political parties participating in the Free State Provincial Legislature; to establish the Free State Political Party Fund; to provide for accountability regarding that Fund; to provide for regulation of disclosure by political parties; and to provide for matters connected therewith.**

## PREAMBLE

**WHEREAS** the Constitution establishes the basic principle of multi-party democracy;

**AND WHEREAS** the Constitution promotes this principle in all spheres of government;

**AND WHEREAS** section 236 of the Constitution promotes this principle and, in particular, requires national legislation to provide for the funding of political parties participating in national and Provincial Legislatures on an equitable and proportional basis to enhance multi-party democracy;

**AND WHEREAS** national legislation has been enacted providing for funding of political parties participating in national and Provincial Legislatures and establishing a fund for the purpose of funding political parties that participate in national and Provincial Legislatures;

**AND WHEREAS** supplementary funding of political parties participating in the Free State Provincial Legislature further enhances multi-party democracy;

**AND WHEREAS** the money so allocated is to be utilized by political parties for purposes arising from their functioning as political parties in a modern democracy;

**BE IT ENACTED** by the Free State Provincial Legislature as follows:-

*(English text assented to and signed by the Premier.)*

### Definitions

**1.** In this Act, except if not consistent with the context -

"**accounting officer**" means an accounting officer of a political party appointed by that political party in terms of section 6(1)(b) of the Act;

"**Constitution**" means the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;

"**financial year**" means a period of twelve months from 1 April in every year to 31 March the following year, both days included;

"**Fund**" means the Free State Political Party Fund established by section 2(1);

"**political party**" means a political party participating in the Free State Provincial Legislature;

# WET

**Ten einde voorsiening te maak vir die befondsing van politieke partye wat deelhebbend is aan die Vrystaat Wetgewer; om die Vrystaat Politieke Partyfonds in te stel; om vir rekenpligtigheid betreffende die Fonds voorsiening te maak; om voorsiening te maak vir die regulering van openbaarmaking van politieke partye; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.**

## AANHEF

**AANGESIEN** die Grondwet die basiese beginsel van veelpartydemokrasie vestig;

**EN AANGESIEN** die Grondwet hierdie beginsel in alle regeringsfere bevorder;

**EN AANGESIEN** artikel 236 van die Grondwet hierdie beginsel bevorder en, in besonder, van nasionale wetgewing vereis om voorsiening te maak vir die befondsing op 'n billike en proporsionele grondslag van politieke partye wat deelneem in nasionale en Provinsiale Wetgewers om veelpartydemokrasie te versterk;

**EN AANGESIEN** nasionale wetgewing verorden is wat voorsiening maak vir die befondsing van politieke partye wat aan die nasionale en Provinsiale Wetgewers meedoen, en 'n fonds gestig het om voorsiening te maak vir die befondsing van politieke partye wat aan die nasionale en Provinsiale Wetgewers meedoen;

**EN AANGESIEN** aanvullende befondsing van politieke partye wat aan die Vrystaat Provinsiale Wetgewer meedoen veelpartydemokrasie verder bevorder;

**EN AANGESIEN** die geld wat aldus toegeken word deur partye aangewend moet word vir doeleindes wat voortspruit uit hul funksionering as politieke partye in 'n moderne demokrasie;

**WORD DAAR BEPAAL** deur die Provinsiale Wetgewer van die Vrystaat Provinsie soos volg:-

*(Engelse teks deur die Premier bekragtig en geteken.)*

### Woordomskrywings

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk –

"**boekjaar**" beteken 'n tydperk van 12 maande, vanaf 1 April van elke jaar tot 31 Maart die volgende jaar, altwee dae ingesluit;

"**Fonds**" beteken die Vrystaat Politieke Partyfonds deur artikel 2(1) ingestel;

"**Grondwet**" beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"**hierdie Wet**" sluit die regulasies in wat kragtens hierdie Wet gepromulgeer is;

"**politieke party**" beteken 'n politieke party wat meedoen aan die Vrystaat Provinsiale Wetgewer.

"**prescribe**" means prescribed by regulation in terms of section 10;

"**Speaker**" means the Speaker of the Free State Provincial Legislature elected in terms of section 111 of the Constitution; and

"**this Act**" includes the regulations promulgated in terms of this Act.

**Establishment of Free State Political Party Fund**

**2.** (1) The Fund is hereby established for the purpose of funding, as provided hereafter, political parties that participate in the Free State Provincial Legislature.

(2) The Fund must be credited with -

(a) money appropriated to the Fund by the Free State Provincial Legislature;

(b) contributions and donations to the Fund originating from sources within or outside the Republic;

(c) interest earned on money deposited in terms of section 3(1) and on money invested in terms of section 3(2);

(d) money recovered or accruing to the Fund from any source; and

(e) money fund-raised from sources within or outside the Republic.

**Deposit and investment of money of Fund**

**3.** (1) Except as provided in subsection (2), money standing to the credit of the Fund must be deposited in a separate bank account opened by the Secretary to the Free State Provincial Legislature with a bank registered in the Republic.

(2) Money in the Fund that is not required immediately for making allocations to political parties in terms of section 5, may be invested with the Public Investment Commissioners contemplated in the Public Investment Commissioners Act, 1984 (Act No. 45 of 1984).

**Management and control of Fund**

**4.** (1) The Secretary to the Free State Provincial Legislature is responsible for the management and administration of the Fund.

"**rekenpligtige beampte**" beteken 'n rekenpligtige beampte van 'n politieke party, aangestel deur daardie politieke party kragtens artikel 6 (1)(b) van die Wet;

"**Speaker**" beteken die Speaker van die Wetgewer verkies kragtens artikel 111 van die Grontwet; en

"**voorgeskrewe**" voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 10.

**Instelling van Vrystaat Politieke Partyfonds**

**2.** (1) Die Fonds word hierby ingestel met die doel om politieke partye wat aan die Vrystaat Provinsiale Wetgewer meedoen, te befonds soos hieronder bepaal.

(2) Die Fonds moet gekrediteer word met -

(a) geld wat deur die Vrystaat Provinsiale Wetgewer aan die Fonds bewillig word;

(b) bydraes en skenkings aan die Fonds afkomstig vanaf enige bronne, hetsy binne of buite die Republiek;

(c) rente verdien op geld ingevolge artikel 3(1) gedeponeer en op geld ingevolge artikel 3(2) belê,

(d) geld wat ingevorder word of die Fonds vanuit enige ander bron toeval.

(e) geld wat deur middel van fondsinsameling binne en buite die Republiek bekom is.

**Deponering en belegging van geld van Fonds**

**3.** (1) Behalwe soos in subartikel (2) bepaal, word die geld waarmee die Fonds gekrediteer staan, gedeponeer in 'n afsonderlike bankrekening wat deur die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer geopen word by 'n bank wat in die Republiek geregistreer is.

(2) Die geld van die Fonds wat nie onmiddellik benodig word om aan politieke partye toekennings ingevolge artikel 5 te doen nie, kan belê word by die Openbare Beleggingskommissarisse beoog in die Wet op die Openbare Beleggingskommissarisse, 1984 (Wet No. 45 van 1984).

**Bestuur en beheer van Fonds**

**4.** (1) Die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die Fonds.

(2) The Secretary to the Free State Provincial Legislature shall issue policy guidelines to each political party who receives money from the Fund in the prescribed manner.

(3) For each financial year, the Secretary to the Free State Provincial Legislature must keep records, in accordance with generally accepted accounting practices and procedures, of -

(a) money received by or accruing to the Fund;
(b) allocations and payments made there from;
(c) expenditure arising from the allocation of money from the Fund; and
(d) a record of the capital and liabilities of the Fund during that year.

(4) The first financial year of the Fund must run from the day on which this Act comes into operation until 31 March first following, both days included.

**Allocations from Fund**

**5.** (1) Every political party is entitled to be allocated money from the Fund for a financial year that it participated in the Free State Provincial Legislature.

(2) Subject to subsection (7), money allocated to a political party must be used for purposes compatible with its functioning as a political party in a modern democracy.

(3) The functioning of a political party as contemplated in subsection (2) includes, but is not limited to -

(a) the development of the political will of the people;
(b) bringing the influence of a political party to bear on the shaping of public opinion;
(c) inspiring and furthering political education;
(d) promoting active participation by individual citizens in political life;
(e) exercising an influence on political trends; and
(f) ensuring continuous, vital links between the people and organs of state and, in particular, between the people and the Free State Provincial Legislature.

(4) Allocations from the Fund to political parties must be determined and made at the prescribed times or intervals, in the prescribed installments, and in the prescribed manner.

(2) Die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer sal beleidsriglyne aan elke politieke party wat geld uit die Fonds ontvang op die voorgeskrewe wyse uitreik.

(3) Die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer moet vir elke boekjaar rekords ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en prosedure laat hou van -

(a) alle geld ontvang deur of toegeval aan die Fonds;
(b) alle toekennings en betalings daaruit gedoen;
(c) uitgawe voortspruitend uit die toekenning van geld uit die Fonds; en
(d) 'n rekord van die kapitaal en laste van die Fonds,

gedurende daardie jaar.

(4) Die eerste boekjaar strek vanaf die dag waarop hierdie Wet in werking tree tot die eersvolgende 31ste Maart, altwee dae ingesluit.

**Toekennings uit Fonds**

**5.** (1) Elke politieke party is daarop geregtig om geld uit die Fonds toegeken te word vir elke boekjaar wat hy aan die Vrystaat Provinsiale Wetgewer meedoen.

(2) Behoudens subartikel (7) kan die geld wat so aan 'n politieke party toegeken word, gebruik word vir enige doeleindes wat met sy funksionering as 'n politieke party in 'n moderne demokrasie te versoen is.

(3) Die doeleindes van 'n politieke party ingevolge subartikel (2) sluit onder meer in, maar is nie beperk nie tot -

(a) die ontwikkeling van mense se politieke wil;
(b) om die politieke party se invloed te laat geld op openbare meningsvorming:
(c) om onderrig in die politiek aan te wakker en voort te help;
(d) om aktiewe deelname aan die politiek deur indiwiduele landsburgers te bevorder;
(e) om invloed op die politieke verloop uit te oefen; en
(f) om te verseker dat daar met onontbeerlike skakels tussen die mense en staatsorgane volgehou word, veral tussen die mense en die Vrystaat Provinsiale Wetgewer.

(4) Toekennings aan politieke partye vanuit die Fonds word bepaal en gedoen op die voorgeskrewe tye of tussenposes, in voorgeskrewe paaiemente, en op die voorgeskrewe wyse.

(5) The Secretary to the Free State Provincial Legislature must make allocations from the Fund to the political parties in accordance with a prescribed formula based on -

(a) the total annual monetary allocation available for distribution divided by the total number of votes cast for each political party in the most recent general election for Provincial Legislatures that will determine an average monetary value per voter.

(b) the average monetary value per voter to be multiplied by the actual number of votes cast in favour of each political party during the most recent general election will determine the total monetary value allocated for each qualifying political party.

(6) The information and particulars necessary to apply the prescribed formula to a party must be ascertained from the relevant facts and circumstances as at the time when the allocation is to be made.

(7) Money allocated to a political party from the Fund may not be used -

(a) for the purpose of directly or indirectly paying remuneration, fee, reward, prerequisite or other benefit to a person representing the party in the Free State Provincial Legislature or who holds office under the State;

(b) with a view to finance or contribute to a matter, cause, event or occasion, whether directly or indirectly, in contravention of the code of ethics binding on the Members of the Free State Provincial Legislature, as the case may be;

(c) directly or indirectly for the purpose of establishing or financing a business or acquiring or maintaining a right or financial interest whatsoever in a business;

(d) to acquire a right or interest in immovable property, except where the right or interest in the immovable property is to be used by the political party solely for ordinary party-political purposes; or

(e) for any other purpose that is incompatible with the functioning of a political party in a modern democracy, as may be prescribed.

(8) (a) The allocation of money from the Fund to a political party must end when the party ceases to qualify in terms of subsection (1) and;

(5) Die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer moet toekennings vanuit die fonds maak aan politieke partye ooreenkomstig 'n voorgeskrewe formule wat gebaseer is op -

(a) die totale jaarlikse geldelike toekenning beskikbaar vir verspreiding gedeel deur die totale aantal stemme vir elke politieke party in die mees onlangse algemene verkiesing vir provinsiale wetgewers wat 'n gemiddelde geldwaarde per kieser sal bepaal.

(b) die gemiddelde geldwaarde per kieser wat vernmenigvuldig moet word met die die werklike aantal stemme uitgebring ten gunste van elke politieke party gedurende die mees onlangse algemene verkiesing om die geldwaarde te bepaal vir elke kwalifiserende politieke party.

(6) Die inligting en besonderhede wat vir die toepassing van die voorgeskrewe formule op 'n party nodig is, moet vasgestel word uit die tersaaklike feite en omstandighede soos op die tydstip waarop die toekenning gedoen staan te word.

(7) Geld uit die Fonds aan 'n politieke party toegeken, mag nie gebruik word -

(a) met die doel om regstreeks of onregstreeks enige besoldiging, fooi, beloning, byvoordeel of ander voordeel te betaal aan enige persoon wat die party in die Vrystaat Provinsiale Wetgewer verteenwoordig of wat enige ander winsbetrekking by die Staat beklee nie;

(b) met die oog daarop om enige aangeleentheid, strewe of saak, gebeurtenis of geleentheid, in stryd met enige etiese gedragskode wat op die lede van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer, na gelang van die geval, bindend is, te finansier of daartoe by te dra nie, hetsy regstreeks of onregstreeks;

(c) regstreeks of onregstreeks met die doel om enige besigheid tot stand te bring of enige reg of finansiële belang hoegenaamd te verkry in enige besigheid;

(d) om 'n reg of belang in onroerende eiendom te bekom, behalwe waar die reg of belang in die onroerende eiendom alleenlik vir gewone partypolitieke doeleindes deur die party gebruik gaan word; of

(e) vir enige ander doel wat nie met 'n politieke party se funksionering in 'n moderne demokrasie te versoen is nie, soos wat voorgeskryf mag word.

(8) (a) Die toekenning van geld aan 'n politieke party vanuit die Fonds moet gestaak word wanneer die party ophou om ingevolge subartikel (1) daarvoor te kwalifiseer; en

(b) within 30 days after the date on which a political party ceases to qualify, it must repay the unspent balance of all money that had been allocated to it.

**Political parties to account for money allocated from Fund**

**6.** (1) A political party to which money is allocated from the Fund must -

(a) keep, with a bank registered in the Republic, a separate bank account into which the money must be deposited; and

(b) appoint an official of that political party as its accounting officer with regard to the money allocated to that party from the Fund.

(2) The responsibility of the accounting officer is to account for the money allocated to that political party, and includes -

(a) in addition to other duties imposed by this Act, the duty to ensure that the party complies with the requirements of this Act;

(b) in particular, to ensure that allocated money is not paid out for a purpose not authorized by this Act; and

(c) lodging a written report with the Secretary to the Free State Provincial Legislature on discovery of expenditure of an allocation to a political party not in accordance with this Act and the steps taken for the recovery of such expenditure in the prescribed manner.

(3) The accounting officer must keep separate books and records of account, in the prescribed manner, in respect of money allocated from the Fund and all transactions involving such money.

(4) Within two months after the end of a financial year the accounting officer must prepare a statement -

(a) showing all amounts received by the political party from the Fund during the financial year and its usage of allocated money; and

(b) describing the purposes for which the various amounts have been used.

(b) Binne 30 dae na die datum waarop 'n politieke party opgehou het om te kwalifiseer, moet hy die onbestede saldo's van alle geld wat ingevolge hierdie artikel aan hom toegeken is, terugbetaal.

**Politieke partye moet rekenskap gee oor geld uit Fonds aan hulle toegeken**

**6.** (1) Elke politieke party aan wie geld uit die Fonds toegeken word, moet -

(a) by 'n bank in die Republiek geregistreer, 'n afsonderlike bankrekening hou waarin alle geld wat so aan die party toegeken word, gedeponeer moet word; en

(b) 'n ampsdraer of beampte van daardie party aanstel as sy rekenpligtige beampte in verband met geld wat vanuit die Fonds aan daardie party toegeken word.

(2) Die rekenpligtige beampte se verantwoordelikheid is om rekenskap te gee van die geld wat aan daardie party toegeken word, en sluit in -

(a) benewens enige ander pligte wat by hierdie Wet opgelê word, die plig om te sorg dat die vereistes van hierdie Wet nagekom word;

(b) in die besonder, om te sorg dat daardie geld nie uitbetaal word vir 'n doel wat nie deur hierdie Wet gemagtig word nie; en

(c) die indiening van 'n skriftelike verslag aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer by ontdekking van uitgawes in 'n toekenning aan 'n politieke party wat nie in ooreenstemming met die Wet is nie en die stappe wat geneem word vir die terugvordering op die voorgeskrewe wyse van sodanige uitgawe.

(3) Die rekenpligtige beampte moet, op die voorgeskrewe wyse, afsonderlike rekeningboeke rekenkundige rekords hou ten opsigte van geld wat uit die Fonds toegewys en alle transaksies waarby daardie geld betrokke is.

(4) Binne twee maande na die einde van 'n boekjaar moet die rekenpligtige beampte 'n staat opstel wat -

(a) al die bedrae aantoon wat deur die party uit die Fonds gedurende daardie boekjaar ontvang is en sy aanwending van daardie geld; en

(b) die doeleindes waarvoor die onderskeie bedrae aangewend is, uiteensit.

(5) The books and records of account contemplated in subsection (3) and the statement contemplated in subsection (4) must be audited by a public accountant and auditor registered and practicing as such in terms of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1991 (Act No 80 of 1991).

(6) An auditor who performs an audit contemplated in subsection (5) must in the auditor's report express an opinion as to whether the allocated money was spent for purposes not authorized by this Act.

(7) Within three months after the end of that financial year, the accounting officer must submit the audited accounts, statements and report of the auditor to the Secretary to the Free State Provincial Legislature.

(8) Despite subsection (4), the Auditor-General may at any time audit the books and records of account and financial statements relating to money allocated to a political party from the Fund.

(9) (a) Subject to paragraph (b), the Secretary to the Free State Provincial Legislature -

(i) must order that the allocation of money to a political party from the Fund be suspended if satisfied on reasonable grounds that the party failed to comply with a requirement of this Act; and

(ii) must terminate the suspension if satisfied, in the light of the party's subsequent conduct, that the suspension is not longer justified;

(b) the suspension of a political party's allocations may be ordered in terms of paragraph (a) only if the Secretary to the Free State Provincial Legislature -

(i) has by written notice informed the party of the proposed suspension and of the reasons therefore; and

(ii) has called on the party to furnish reasons, within the period specified in the notice why its allocations from the Fund should not be suspended.

(5) Die rekeningboeke en rekeningkundige rekords soos beoog in subartikel (3) en die staat soos beoog in subartikel (4) moet geoudit word deur 'n openbare rekenmeester en ouditeur wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet 80/1991), as sodanig geregistreer is en praktiseer.

(6) 'n Ouditeur wat 'n oudit uitvoer soos beoog in subartikel (5) uitvoer, moet in die ouditeursverslag 'n mening uitspreek oor die kwessie of die toegekende geld bestee is vir doeleindes wat nie deur hierdie Wet gemagtig word nie.

(7) Die geouditeerde rekeninge, state en verslae van die ouditeur moet binne drie maande na die einde van daardie boekjaar deur die rekenpligtige beampte aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer voorgelê word.

(8) Ten spyte van subartikel (4) kan die Ouditeur-generaal te eniger tyd enige politieke party se rekeningboeke, rekeningkundige rekords en finansiële state wat betrekking het op geld wat aan die party uit die Fonds toegeken is, ouditeer.

(9) (a) Behoudens paragraaf (b) moet die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer -

(i) gelas dat die toekenning van geld aan 'n politieke party vanuit die Fonds opgeskort word indien hy op redelike gronde daarvan oortuig is dat die party nagelaat het om 'n vereiste van hierdie Wet na te kom; en

(ii) die opskorting beëindig indien daarvan hy oortuig is, in die lig van die party se daaropvolgende optrede, dat die opskorting nie meer geregverdig is nie.

(b) Die opskorting van 'n politieke party se toekennings mag ingevolge paragraaf (a) gelas word slegs indien die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer -

(i) die politieke party by wyse van skriftelike kennisgewing verwittig het van die voorgestelde opskorting en van die redes daarvoor; en

(ii) 'n beroep op die party gedoen het om, binne die tydperk in die kennisgewing vermeld, redes te verstrek waarom sy toekennings vanuit die Fonds nie opgeskort behoort te word nie.

**Recovery of money irregularly spent by political parties**

**7.** (1) Where money allocated to a political party in terms of section 5 have not been spent in accordance with a requirement of this Act, the accounting officer of that party contemplated in section 6(1)(b) may be held liable to repay to the Secretary to the Free State Provincial Legislature the money irregularly spent.

(2) The Secretary to the Free State Provincial Legislature may recover the money irregularly spent and may do so by -

(a) instituting a civil claim in respect of the amount irregularly spent against the accounting officer of the political party contemplated in section 6(1)(b); or

(b) setting off the amount irregularly spent against an allocation that may become payable to the political party.

**Speaker to report to Free State Provincial Legislature on Fund**

**8.** (1) As soon as possible after the end of each financial year, the Speaker must -

(a) prepare a report regarding the management and administration of the Fund during that financial year; and

(b) prepare financial statements in relation to the Fund, showing -

(i) the amounts received by and accrued to the Fund during that financial year;

(ii) the allocations made from the Fund to the respective political parties during that year;

(iii) the amounts spent during that financial year by each political party in connection with purposes classifiable under the generally descriptive categories as prescribed from time to time;

(iv) the balance of the Fund and amounts owing to or by the Fund as at the end of that year; and

(v) the Speaker must submit that report, those statements and the Speakers' books and records of account relating to the Fund to the Auditor-General for auditing.

**Verhaling van toegekende geld wat onreëlmatig deur politieke partye bestee is**

**7.** (1) Waar geld wat ingevolge artikel 5 aan 'n politieke party toegeken is, nie ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet bestee is nie, kan die rekenpligtige beampte van die party soos beoog in artikel 6(1)(b) aanspreeklik gehou word om die geld wat onreëlmatig bestee is, aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer terug te betaal.

(2) Die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer mag die geld wat onreëlmatig bestee is, terugvorder, en kan dit doen deur -

(a) ten opsigte van die bedrag wat onreëlmatig bestee is, 'n siviele eis teen die rekenpligtige beampte van die betrokke politieke party soos beoog in artikel 6(1)(b) in te stel; of

(b) die bedrag wat onreëlmatig bestee is in verrekening te bring teen enige toekenning wat aan die politieke party betaalbaar mag wees.

**Speaker moet oor die Fonds aan die Vrystaat Provinsiale Wetgewer verslag doen**

**8.** (1) So gou moontlik na die einde van elke boekjaar moet die Speaker -

(a) 'n verslag opstel oor die bestuur en administrasie van die Fonds gedurende die boekjaar;

(b) finansiële state opstel met betrekking tot die Fonds, waarin die volgende aangetoon word -

(i) die bedrae wat gedurende dié boekjaar ontvang is deur en toegeval het aan die Fonds;

(ii) die toekennings wat gedurende dié jaar uit die Fonds aan die onderskeie politieke partye gedoen is;

(iii) die bedrae wat deur elke politieke party gedurende dié jaar bestee is in verband met doeleindes wat geklassifiseer kan word onder kategorieë, soos van tyd tot tyd voorgeskryf, wat algemeen beskrywend is;

(iv) die saldo van die Fonds en enige bedrae verskuldig aan of deur die Fonds soos aan die einde van dié jaar; en

(v) die Speaker moet daardie verslag en state en die Speaker se rekeningboeke en rekeningkundige rekords met betrekking tot die Fonds, aan die Ouditeur-generaal vir ouditering voorlê.

(2) Within 30 days after receipt of the Auditor-General's report, the Speaker must submit that report to the Free State Provincial Legislature together with the audited financial statements of the Fund and the audited Speaker's report.

**Unspent money at end of financial year**

**9.** (1) Money not spent by a political party at the end of a financial year must be shown in the books and records of account of the party as a credit balance carried forward to the next financial year: Provided that -

(a) the money that may be carried forward, may be limited to an amount representing a prescribed percentage of the allocations made for that financial year; and

(b) money carried forward to the next financial year may not be taken into account in determining an allocation to the party concerned during that financial year.

(2) Money standing to the credit of the Fund at the end of a financial year must be carried forward to the next financial year as a credit balance.

(3) If the Free State Provincial Legislature is dissolved in terms of the Constitution, a political party that is represented in the Free State Provincial Legislature must close its books and records of account -

(a) not later than 7 days before the date set for the election and within 60 days thereafter submit an audited statement in respect of those books and records of account to the Secretary to the Free State Provincial Legislature; and

(b) not later than the day immediately before the date set for the election such a political party must repay to the Secretary to the Free State Provincial Legislature the unspent balances as at the date when its books and records of account are closed as contemplated in paragraph (a).

(4) If the Free State Provincial Legislature is dissolved in any other circumstances a political party represented in the Free State Provincial Legislature must close its books and records of account -

(a) not later than 7 days before the date set for the election;

(2) Binne 30 dae na ontvangs van die Ouditeur-generaal se verslag moet die Speaker daardie verslag tesame met die geouditeerde finansiële state van die Fonds en die geouditeerde Speakerverslag aan die Vrystaat Provinsiale Wetgewer voorlê.

**Onbestede geld soos aan einde van boekjaar**

**9.** (1) Enige geld wat aan die einde van 'n boekjaar nie deur 'n politieke party bestee is nie, moet in die betrokke rekeningboeke en rekeningkundige rekords aangetoon word as 'n kredietsaldo wat na die volgende boekjaar oorgedra word, onder voorbehoud dat -

(a) die geld wat oorgedra mag word, beperk kan word tot 'n bedrag wat 'n voorgeskrewe persentasie verteenwoordig van die toekennings wat vir daardie boekjaar gedoen was; en

(b) geld wat na die volgende boekjaar oorgedra word, nie in berekening gebring mag word by die bepaling van enige toekenning wat aan die betrokke party gedurende daardie boekjaar gedoen staan te word nie.

(2) Geld waarmee die Fonds aan die einde van 'n boekjaar gekrediteer staan, word na die volgende boekjaar as 'n kredietsaldo oorgedra.

(3) Indien die Vrystaat Provinsiale Wetgewer kragtens die Grondwet ontbind, moet 'n politieke party sy rekeningboeke en rekeningkundige rekords afsluit -

(a) nie later nie as 7 dae voor die datum wat bepaal is vir die verkiesing en 'n geouditeerde staat ten opsigte van daardie rekeningboeke en rekeningkundige rekords binne 60 dae daarna aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer voorgelê is; en

(b) so 'n politieke party moet die onbestede saldo's, soos op die datum wanneer sy rekeningboeke en rekeningkundige rekords afgesluit word soos beoog in paragraaf (a), aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer terugbetaal nie later as die dag onmiddellik voor die datum wat vir die verkiesing bepaal is nie.

(4) Indien die Vrystaat Provinsiale Wetgewer onder enige ander omstandighede ontbind, moet 'n politieke party wat in die Vrystaat Provinsiale Wetgewer verteenwoordig is, sy rekeningboeke en rekeningkundige rekords afsluit -

(a) nie later as 7 dae voor die datum wat bepaal is vir die verkiesing nie;

(b) within 60 days thereafter submit an audited statement in respect of those books and records of account to the Secretary to the Free State Provincial Legislature;

(c) the Secretary to the Free State Provincial Legislature must calculate the representation of apolitical party mentioned in subsection (4) as a percentage of the representation of that party in the Free State Provincial Legislature contemplated in subsection (3); and

(d) not later than the day immediately before the date set for the election such a political party must repay to the Secretary to the Free State Provincial Legislature the unspent balance of the determined percentage as at the date when the books and records of account are closed as contemplated in paragraph (a).

**Regulations**

**10.** The Speaker, acting on the recommendation of a committee of the Free State Provincial Legislature, may by notice in the *Provincial Gazette* make regulations consistent with this Act -

(a) to prescribe the procedure according to which, manner in which and intervals or installments at which payments from the Fund are to be determined and made;

(b) to prescribe the formula on which allocations are to be calculated;

(c) determine a purpose which is the application of section 5(1) is not compatible with the functioning of a political party in a modern democracy;

(d) to prescribe the information and particulars that political parties must furnish to the Secretary to the Free State Provincial Legislature with a view to ensure proper and effective application and administration of and compliance with this Act; and

(e) on any matter which may or must be prescribed in terms of this Act.

**Short title and commencement**

**11.** (1) This Act is called the Free State Political Party Fund Act, 2008.

(2) Different provisions of this Act may be brought into operation on different dates.

(b) 'n geouditeerde verslag ten opsigte van daardie rekeningboeke en rekeningkundige rekords binne 60 dae daarna aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer voorlê;

(c) moet die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer die verteenwoordiging van 'n party genoem in subartikel (4) bereken as 'n persentasie van die party se verteenwoordiging in die Vrystaat Provinsiale Wetgewer soos beoog in subartikel (3); en

(d) nie later as die dag onmiddellik voor die datum wat vir die verkiesing bepaal is nie moet sodanige politieke party die bepaalde persentasie van enige onbestede saldo's, soos op die datum waarop daardie rekeningboeke en rekeningkundige rekords ingevolge paragraaf (a) afgesluit word, aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer terugbetaal.

**Regulasies**

**10.** Die Speaker, wat handel op aanbeveling van 'n komitee van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer, kan by proklamasie in die Staatskoerant regulasies uitvaardig wat met hierdie Wet bestaanbaar is -

(a) die prosedure voorskryf waarvolgens, die wyse waarop en die tussenposes of paaiemente waarop betalings vanuit die Fonds gedoen en bepaal moet word;

(b) die formules voorskryf waarvolgens toekennings bereken word;

(c) doeleindes te bepaal wat by die toepassing van artikel 5(2) nie met die funksionering van 'n politieke party in 'n moderne demokrasie te versoen is nie;

(d) die inligting en besonderhede voor te skryf wat deur politieke partye aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer verstrek moet word ten einde te sorg vir behoorlike en doelmatige toepassing, administrasie en nakoming van hierdie Wet; en

(e) oor enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**11.** (1) Hierdie Wet heet die Wet op die Vrystaat Politieke Partyfonds, 2008.

(2) Verskillende voorskrifte van hierdie Wet kan op verskillende datums in werking tree.